# Teologie en ander wetenskappe

## INLEIDEND

*Stelling 1*

Teenswoordig word tereg beswaar gemaak teen die veratomiseringsproses in die wetenskap, waarvolgens die geheel van die kosmos in soveel „lokette" ingedeel word, waarin „vakmanne" besig is, sonder dat die een van die ander notisie neem. Daar word gevra na die geheel wat meer is as die som van die dele. Vanselfsprekend volg hieruit die noodsaaklikheid van 'n onderlinge raadpleging van wetenskaplikes.

*Stelling 2*

Wetenskaplike arbeid beteken nie bloot 'n intellektuele proses nie. Dit is 'n akte van *die ganse mens* (dink aan intuisie, die geloofsfunksie, die liefde ens.). Al dieper speurend sal elke wetenskap by 'n sekere grens kom waar dit nie verder kan nie. En tog wil dit antwoord gee op die vrae: vanwaar, waarheen? Uiteindelik moet dit uitkom by die grond van alle dinge — dit is by God. Maar oor God kan 'n mens alleen spreek op grond van wat Hy aangaande Homself geopenbaar het.

Elke wetenskap is op grond van voorgaande *in seker sin* universeel en eskatologies van aard — nie net teologie en filosofie nie. Ook dit vereis weer wisselwerking.

## AFDELING A — DIE TEOLOGIE

### I — ALGEMEEN

*Stelling 3*

Teologie is *wetenskap van die openbaring*. Dit moet luister na wat God in *natuur* en *Skriftuur* aangaande Homself en sy werke geopenbaar het, terwyl ingedagte gehou word dat die openbaring in die boek van die natuur sonder die boek van die Skriftuur ontoereikend is. In laaste instansie het *teo*-logie te doen met die in die Skrif geopenbaarde kennis omtrent *God* wat in sy wese ondeurgrondelik is. Daar word geopenbaar „soveel as wat ons nodig het in hierdie lewe, tot sy eer en die saligheid van wie aan Hom behoort" (Ned. Gel. Bel. art. 2).

*Stelling 4*

Die teologie verskil van ander wetenskappe hierin:
(1) Dit moet in die lig van die Woord naspeur wat die plek van alle sienlike en onsienlike dinge in die skeppingsplan is en wat God *oor Homself* geopenbaar het. Die ander wetenskappe het te doen met die *geskape kosmos*. Sodra hulle daarbo uitgaan, sal hulle met die teoloë moet konfereer aangaande die uitlegging van die Skrif, tensy hulle self teologies opgelei is en kennis dra van die grondtale, die

hermeneutiese beginsels ens. Sonder die lig van die Woord kan net oor God gespekuleer word.

(2) By al die ander wetenskappe stel die mens homself in seker sin as subjek *bo* die *objek* van sy studie. In die teologie is die Woord self *subjek* en die mens *objek*, wat luister in kinderlike gehoorsaamheid.

(3) Die teologie het gewoonlik 'n noue band met die kerk en sy Belydenis.

(4) Vanweë die mistieke faktor, wat in die teologie hoofsaak moet wees, sal dit nie in blote geleerdheid verval nie.

*Stelling 5*

Die teologie het geen behoefte aan 'n wysgerige fundering nie, omdat die wysbegeerte in sy eie bevoegdheid nie in staat is om die realiteit in sy totaliteit en diepere samehange te sien nie. Sonder die Skrif kan hy nie antwoord gee op die vrae: vanwaar, wat en waarheen sonder eksegese nie en hiertoe word teologiese hulp vereis. Vgl. Bavinck, *Dogmatiek*, I, p. 33: „Wanneer de theologische waarheid . . . uit haar eigen bron, dit is uit de openbaring, afgeleid wordt, dat staat ze van en door zichzelve vast en heeft geen philosophische redeneringen tot hare bevestiging van node".

*Stelling 6*

As ons eerbied het vir die majesteit van God, sal ons die leer wat uit sy mond uitgaan nie durf verdraai in 'n filosofie of spekulasie nie (Calvyn: Quatre Sermons, II).

## II BESONDER — ENKELE TEOLOGIESE VAKKE NADER BESIEN

*Stelling 7*

Die teologie leef van *eksegese*. En die eksegese is gebonde aan die teks. Dit hoef geen *voor*onderstellinge van enige wetenskap (inklusief die filosofie) te leen nie. Die eksegeet mag nooit deur enige filosofie gebind wees nie — ook nie deur 'n Christelike nie. Die filosofie kan die eksegeet wel deur kenteorie en logika leer om homself daarvoor te bewaar dat hy inlegkunde pleeg, onder meer deur filosiefse gedagtes in die Skrif in te lees. Die geskiedenis van die eksegese toon talle voorbeelde van laasgenoemde.

*Stelling 8*

As iemand in *die naam van die wetenskap* eksegese van die Skrif wil doen sonder die kennis van die grondtale, die kanoniek, tekskritiek en die hermeneutiese beginsels, kan dit slegs op amateurisme uitloop.

*Stelling 9*

Die *Dogmatiek* het te doen met die *dogma van die Kerk*, dit wil sê die *Belydenis*, waarby vanself te pas kom die *geskiedenis van die dogma*. Dit behoort ook tot sy taak om, op grond van steeds voortgaande eksegese, aan te toon in watter opsigte die Belydenis moontlik uitgebrei kan word. Ongelukkig het in menige Dogmatiek allerlei wysgerige elemente (selfs heidens-wysgerige) ingesluip, diwkels aangebied as die „*dogma van die Kerk*".

## AFDELING B

## ANDER WETENSKAPPE

*Stelling 10*

Saam met Calvyn kan elke teoloog waardering hê vir die ander wetenskappe. In sy *Institusie* (II, 2, 16) noem hy fisika, dialektiek, matesis en dergelike dissiplines „Dei dona". Selfs by die heidene kan die goeie gewaardeer word. Tog moet hulle as waardeloos gereken word totdat hulle geheel en al onderwerp is aan die Woord en die Gees van God. As hulle teenoor Christus staan is hulle „verderflike peste". Hoe hoog hy egter die wetenskap aanslaan, die Godkennis is vir hom veel hoër (vgl. sy kommentaar op 1 Kor. 3:19).

*Stelling 11*

Die wysheid van God, soos in natuur en Skriftuur ten toon gesprei, is te ryk en te magtig om uit een gesigshoek of „idee" gesien te word (openbaringsidee, skeppingsidee, wetsidee — eintlik is nie een van die drie 'n idee nie). Vgl. Calvyn by Ef. 3:10: Paulus noem die wysheid van God *polupoikulos* (lett. veelkleurig), omdat mense gewoon is om dit verkeerdelik *sub una specie* te beoordeel, terwyl hulle die geheel en die afsonderlike dele daarvan gladnie vat nie. Die Jode het byvoorbeeld gemeen dat die wysheid van God behels was in die bedéling van die wet, waarmee hulle bekend was en waaraan hulle gewoon was. Maar deur die evangelie aan almal sonder uitsondering te laat verkondig, het God 'n ander bewys en voorbeeld van Sy wysheid ten toon gestel: nie dat dit nuwe wysheid was nie, maar dat dit groter en veelvoudiger was as om deur ons begripsvermoë begryp te word".

*Stelling 12*

Die wetenskap is nie gelyk aan die algemene openbaring nie, soos soms verkeerdelik gemeen word. Ten diepste is daar geen ware kennis van God buite die geloof in Christus nie.

*Stelling 13*

Die wetenskap kan *spoorslag* en *aanleiding* wees tot besinning ten opsigte van 'n geykte Skrifverklaring. Toetssteen van elke nuwe verklaring sal egter wees of die aandag nie van die Skrif afgewend word nie, maar daarop gerig word.

*Stelling 14*

Die *filologie* is vir die teologie van onskatbare waarde, veral wat betref die grondtale van die Bybel.

*Stelling 15*

Aangesien die openbaring van God in 'n historiese proses tot ons gekom het, is *geskiedwetenskap* en *argeologie* (opgrawinge ens.) van onskatbare belang vir die eksegese. Hierby moet in gedagte gehou word dat ons in die Skrif te doen het met *openbaringsgeskiedenis*, vertel deur mense van die *Nabye Ooste*, nie deur Westerlinge nie. Verder dat die geskiedenis in die Skrif onder *profetiese beligting* staan.

*Stelling 16*

Kerk en teologie ontvang vanuit die moderne *natuurwetenskappe*, wat tans hul goue eeu belewe, 'n prikkel, en selfs 'n uitdaging om oor die vrae wat hulle stel te besin. Die opmerking is gemaak dat die natuurwetenskap vir die teologie vandag van meer belang is as al die werke van Plato en Aristoteles. Die teologie behoort dan ook 'n eerlike en volgehoue gesprek met die natuurwetenskap as een van sy eksegetiese metodes te aanvaar.

*Stelling 17*

Die wysbegeerte wil vasstel wat die „ultimate reality", wat die wese en die grondbeginsels van die heelal is; dit wil o.a. die eerste en laaste vrae van alle dinge beantwoord. Dit ondersoek hoe al die onderskeie kosmiese gegewens in die totaliteit saamhang, d.w.s. „wie sich alles zum Ganzen webt" (Stoker in: *Beginsels en metodes van die Hoër Onderwys*, 1949, p. 69, 70).

Hiervolgens moet die wysbegeerte kennis neem van wat in alle wetenskappe as resultate gelewer word en probeer om 'n „einheitliche" lewens- en wêreldbeskouing op te bou in die lig van die fenomenale ontwikkeling van veral die natuurwetenskappe 'n bykans onvolbringbare taak.

*Stelling 18*

Vir die teologie is die wysbegeerte veral van belang: (1) deur die bestudering van die *geskiedenis van die wysbegeerte* waaruit blyk dat die teologie dikwels hierdeur ten kwade beïnvloed is; (2) deur die logika, *wetenskapsleer* en *kenteorie*. Aan „metafisika" het die Teologie geen behoefte nie, ewe-as die Christelike Wysbegeerte. Wat die beginsels van die Etiek betref verkies die teoloog die Etiek wat regstreeks uit die Woord van God kom en nie die vrug is van spekulasie nie.

*Stelling 19*

Tereg het Calvyn (in teenstelling tot Damascenus, Luther, Zanchius e.a.) geleer dat die teologie die filosofie nie mag oorheers nie, maar dat beide aan die gesag van die Skrif onderworpe is.

S. DU TOIT.

(Gelewer voor G.T.V. Potchefstroom 1968)